## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Anton Brits,** kolon, longe, en lewer-kanker (083-707 5570; Valerie 083 707 3814); **Christa van den Berg**, kanker (083 787 3891); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607); baba **Nicolaas Barnard**, hart (Liezl 083-700 5115); **Ben Truter**, kolonkanker, (Sarie 082-454 1652); **Aldrich Kruger**, papillêre skildklierkanker en versprei na longe, (ouma Barbara 083-719 2313); **Ronel Stander**, kanker (061-600 7823); **Gerty Stander** beroerte (Delana 072-182 8038); **Thinus Eloff,** Medi-kliniek George; **Amanda Erasmus,** bestraling na kanker (082-563 1758); **Antoinette Kichenbrand**, kanker remissie (082-778 6461); **Lorraine Halkett**, tongkanker (044 690 4897); **Hennie le Roux**, kolon (Erna 082 925 6128), **Maritha le Roux**, borskanker (082-922 5101); **Susan Wentzel**, Gordelroos (083-288 5443); **Jan Brazelle**, niere & heup (083-274 4555); **Urbanus Vermeulen**, (Yolanda 082 584 6610); **Corlene Lombard**, rugoperasie (082 459 2328); **Adolf Gouws** (044 691 2247) sy broer Jaco in hospitaal.

*Laat weet asseblief die kerkkantoor, Elize Barnard of 'n leraar van jouself of iemand anders. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## BEDIENINGS

**ROEPING** (vakant - kontak leraars)
**GEBED** (Alta van Zyl : 083 257 3884)
**EREDIENS** (Herman Spies: 083-373 5700)
**DIAKONIE** (Koos Crause: 083-229 1178).
**FAMILIE** (Nico Knoetze: 083-656 2129)
**KLEINGROEPE** (Riaan van Nierop: 082-337 5029)
**OMGEE** (Elize Barnardt: 082-829 8133)
**SENIORS** (Johan Swart: 081-875 5178)
**SENDING** (Ena Loubser: 082-736 5339).
**AKSIE SAMARITAAN** (Johan Meyer: 082-772 5490)
**FINANSIES** (Cobus Coetzee: 082-453 3305)
**EIENDOMME** (Lodewyk Coetzee: 082-939 0443)
**DIENSVERHOUDINGE** (André Geldenhuys: 083-455 7764.
**NUWE LIDMATE** (vakant - kontak ds. Pierrie)
**GASVRYHEID** (Marisca Nordjé: 082-780 2408).
**KOMMUNIKASIE** (vakant – kontak ds. Gerrie)
**BASAAR** (Louwrens de Wet: 083-308 4463)

## PREDIKANTE

**Gerrie van Deventer:**
084 436 9420 / gerrie@ngmosselbaai.co.za
**Pierrié Kies:**
076 110 4202 / pierrie@ngmosselbaai.co.za
**Henri Meyer:**
044 691 1393 / 083 455 6940 / henri@ngmosselbaai.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai, ABSA – 2070580023
(Indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing.)
**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai, ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Maak gerus gebruik van die Snapscan toepassing op jou slimfoon om bankkollekte of dankoffer te gee.

Snap here to pay
SnapScan




# FAMILIENUUS

SONDAG 2 Mei 2021

| 08:00 | 10:00 | 18:00 |
|---|---|---|
| **Prediker:** Pierrié Kies<br>**Skrif:** Hand. 8:26-40<br>**Tema:** Om beter getuies te wees | | **GEEN KUIERKERK**<br>IN SKOOLVAKANSIE |

Kom geniet vandag 'n stukkie koek en 'n wegneem koppie tee/koffie, by die Gemeentehuis, na afloop van die eredienste

Die Sinodale kollekte gaan vandag vir Gemeente Hulpfonds
Die Gemeentehulpfonds verleen ondersteuning aan hulpbehoewende gemeentes wat vanweë verminderde lidmaattalle, natuurrampe, ontvolking en swak sosio-ekonomiese toestande nie meer hulle begrotings kan laat klop nie.
Die fonds is bedoel om die geestelike bediening in stand te hou en nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie.

**NUWE LIDMATE**
**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Meld asb aan in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

**KERKKANTOOR – 044 691 2465** *Kantoorure : Maan.– Vry. 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste*
**Admin. beampte:** Corné Human - 083 964 6368 / E-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
**Finansiële beampte (Kassier):** Deleen Jansen van Vuuren – 084 586 6422 / E-Pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
**Kosterpligte:** Johann Rossouw (Sondag) & Erica van Jaarsveld (per geleentheid)
**Musiekleier:** Stefanie Keyser – 082 499 8274

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MAANDAG** 3 Mei | SKOLE HEROPEN | | 18:00 Kleingroepe koordineerders |
| **DINSDAG** 4 Mei | 10:00 Bybelstudie vir Vroue (Henri) | 15:00 Sending | 17:00 Omgeebediening |
| **WOENSDAG** 5 Mei | | | 18:00 Eiendomme |
| **DONDERDAG** 6 Mei | 10:00 Bybelstudie vir Seniors (Gerrie) | | 18:00 Familiebediening |
| **VRYDAG** 7 Mei | 06:00 Manne-groep (Henri) | OMGEE GHOLFDAG | |

# IN FOKUS

## KERKDIENSTE (250 IN KERKGEBOU)

Ons vra asb. dat lidmate streng by Covid 19 protokol bly – respekteer mekaar se spasie en dra 'n masker.

Digitaal kan jy ons steeds kry op ons webtuiste www.ngmosselbaai.co.za en volg die Youtube "link" na die diens.

Facebook is aktief by (NG Moedergemeente Mosselbaai).

Skakel gerus in op **Telegram** waar ons boodskappe en dienste plaas - laai af by https://t.me/ngmosselbaai.

## TERUGVOER UIT KERKRAAD

By die kerkraadsvergadering van 19 April is besluit om vanaf 1 November met 2 leraars vir 'n tydelike periode te funksioneer. Gedurende daardie periode sal ons 'n evaluering doen van ons bedienings sodat behoeftes doelgerig aangespreek kan word in die post-covid kerk.

## TOTSIENS ORG

Vandag neem ons afskeid van ons Fasiliteitebestuurder, Org van Heerden, wat 30 April 2021 afgetree het. Ons wens jou voorspoed toe met die nuwe lewensfase en toekomsplanne. Baie dankie vir die entoesiasme en lojaliteit waarmee jy jou take verrig het.

## OMGEE GHOLFDAG: 7 MEI 2021

Vanjaar het ons 'n klemverskuiwing – ons OMGEE en AKSIE SAMARITAAN bedienings vat hande. Die dag se fondse gaan 50% vir **Omgee se NOODFONDS**, waaruit mense wat in krisis kom gehelp word, en 50% vir **AKSIE SAMARITAAN**, wat kospakkies maandeliks uitdeel en gesinne ondersteun met nodige behoeftes.

Die formaat is weer Beterbal Stableford. Spelersfooi: Gewone klubfooi nl. R150 vir lede en R200 vir nie-lede (in die pro-shop betaalbaar). Besprekings vir afslaantye (10:24 tot 13:00) kan by Lizette by Mosselbaai Gholfklub (044- 691 2379) gemaak word. Ete @ R50 vir deelnemers, gades en borge. **Die hoofbron van ons inkomste is borgskappe of donasie.** U kan bv. 'n putjie borg - putjies 1, 9, 10 en 18 @ R1500 en enige ander een @ R1000. Donasies kan enige bedrag in kontant wees óf enige artikels of produkte wat as pryse in gelukkige trekking, prysuitdeling of veiling gebruik kan word. Jy kan ook 'n **GHOLFBAL @ R1000 koop en R10 000 wen** as die bal – per helikopter - op jou kaartjie neergelaat word. *Onthou asb. om 'jou naam + gholfdag' as verwysing te gebruik indien jy internet betalings doen.*

# JY'S GENOOI OM DEEL TE WEES:

## BASAAR IS OP PAD – 5 JUNIE

Basaar is groot in ons gemeente!!! Vanjaar word 3 basaars gehou. Soos vorige jare sal daar verskeie stalletjies beskikbaar wees, soos o.a. vleistafels, 'n "coffee shop" en Deli, poeding, kerrie & rys, roosterkoeke met wors, sosaties, vars gebak, en vars groente. Ons wil op 'n verantwoordelike manier ons kuiers, vleisverwerking en sport met mekaar geniet.

Henri gaan met sy fiets ry (23 tot 30 Mei), tot by Mosplaas, om geld in te samel vir die aankoop van die beeste.

Koeverte vir basaarbydraes is in die voorportaal beskikbaar. Kontak vir Louwrens de Wet (koördineerder) (083-308 4463), vir navrae.

## KERSLIG, VERS, MELODIE & KUNS

Ons is uitverkoop vir 14 Mei se byeenkoms en is opgewonde om sodoende ons Vleuelklavier-fonds te versterk.

## HEMELVAART & PINKSTER

Die tweede kwartaal is in die kerklike jaar ook vol hoogtepunte:

**Hemelvaartdag 13 Mei: Diens 8:00**

Ons nooi al ons mense en gemeenskap na hierdie belangrike diens. Kom in werksklere en bring werksmense saam, want ons maak dit 'n gemeenskapsdiens!

**Pinkster: 16-19 Mei**

Met Pinkster vier ons die teenwoordigheid en werk en gawes van die Heilige Gees.

Ons sal Sondag (16e) 08:00, 10:00 en 18:00 en Ma-Wo aande 18:30 dienste hê in die kerkgebou. Ongelukkig kan ons nie met Covid die "sop-en-brood" en kuier na afloop van die diens geniet nie.

Gerrie & Pierrie sal die dienste aanbied. Henri hou Pinkster by NG Reebok.

## OPSKOPPERS SE ROLBALDAG

Die Opskoppers se jaarlikse rolbaldag vind plaas op **Vrydag, 14 Mei, 10:00, by Hartenbos Rolbalklub**. Die koste is R80 per persoon en dit sluit 'n heerlike middagete en huur van fasiliteite in. Kom gewapen met platsoolskoene en hoed. Bring jou eie koffiebeker, glas, bord en messegoed saam. Bring ook vir jou koeldrank/sap om saam met jou middagete te geniet. (Ongelukkig geen alkoholiese drinkgoed nie, aangesien dit die klub se dranklisensie in gevaar kan stel!) Bespreek en betaal by Corné in die kerkkantoor.

Almal is welkom al kan/wil jy nie speel nie. Kom deel steeds in die pret en saamkuier, ontmoet nuwe mense en maak nuwe vriende!

## BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Lidmate met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas:

- *Paul Machiel Roos en Elizabeth Maria Margaretha Young (nou Roos),* vanaf NG Florauna;
- *Hendrik Willem Bezuidenhout en Ronell Catherine Bornman (nou Bezuidenhout),* vanaf NG Tetelestai;
- *Petrus Johannes Naude van Heerden en Maria Magdalena Elizabeth Kleynhans (nou van Heerden),* vanaf NG Skuilkrans.

## GESOEK:BENODIGDHEDE VIR 'N BABADOGTERTJIE

In Asla is 'n behoeftige gesinnetjie wat onbepland weer swanger geword het. Die mamma het gekies teen aborsie, maar hul situasie is moeilik. Enige babakleertjies of -benodigdhede sal so waardeer word. Goeie tweedehandse items sal verwelkom word. Laai jou pakkie asb. by die kerkkantoor af, gemerk Baba Asla.

Baie dankie (Navrae: Ena 0827365339)